NUUS

Posbus 54249, Ninapark, 0156
E-pos: info@lewensverryking.co.za
Tel. 012 546 8098/8413/8479 Faks 012 546 8690
Webtuiste: www.lewensverryking.co.za

Uitgawe **Mei 2009**

Die Koninkryk se burgers leef anders

Ons mans word grootgemaak met die gedagte dat ons nie eintlik ons emosies mag wys nie. Of liewer, dat ons nie emosies wat met "swakheid" geassosieer word, soos hartseer, trane en medelye moet wys nie. Hierdie opvatting dat mans altyd in beheer van sake is en nooit enige teken van swakheid mag vertoon nie, het al groot skade aangerig. So het dit baie van ons gedwing om ons persoonlikhede te onderdruk om ander se beledigings en spot te vermy. Wie hou nou daarvan om as 'n "sissie" of 'n "papbroek" uitgekryt te word? Voorts het dit baie van ons daarvan weerhou om naasteliefde aan ander te bewys, soos om iemand wat in nood is, te vertroos met 'n simpatieke hand op die skouer, of 'n drukkie van medelye.

Ons as volgelinge van Jesus mag nooit so hard wees dat ons ons emosies in 'n hangkas gaan wegbêre nie. Ons moet uitreik na ander deur goed te doen aan hulle met ons woorde en ons dade, Jesus sê dat ons soos God moet wees wat glad nie skaam is om te wys hoe Hy oor mense voel nie. Hy bewys sy goedheid openlik aan goeie mense, maar ook aan slegte mense. Sy hart bloei selfs soveel vir sy vyande dat Hy bereid was om sy eie Seun vir hulle op te offer. Natuurlik het hierdie offer sy Vaderhart gebreek. In Markus 15:33 lees ons dat dit 3 ure voordat Jesus sy asem uitgeblaas het, pikdonker op die aarde geword het. Sou dit wees dat God sy Seun se lyding aan die kruis nie kon aanskou nie? God is lig en kan duisternis nie verdra nie. Hoe verskriklik moes dit vir Hom gewees het om in daardie oomblikke sy rug op sy Seun te draai.

Omdat God se hart vol jammerte vir alle mense is, vra Jesus van ons om dieselfde te doen. Ons hart moet ook begin oorloop van deernis vir diegene om ons. En natuurlik moet dit in ons dade sigbaar word. Ander mense moet kan sien dat ons vir hulle omgee deur hoe ons met hulle praat en deur dit wat ons vir hulle doen.

Weet jy, dit is nie ‘n skande om te wys dat jy sag en vol deernis is nie. In elk geval nie vir God nie. Trouens, Hy vra van jou om so te wees, want Hy is self ‘n God van barmhartigheid.

Uit Die Stiltetydbybel vir Mans deur Stephan Joubert

Kommunikasie volgens die 21ste eeu!!

Ons hier by LEWENSVERRYKING is vreeslik opgewonde oor die moontlikhede van die elektroniese media tot ons beskikking! Sedert die begin van die jaar af stuur ons seminaarnuus uit aan almal vir wie ons e-pos-adresse het. Die terugvoer is baie positief en ons is baie opgewonde daaroor dat ons op die manier meer deurlopende kontak met ons seminaargangers kan hê.

- As jy ‘n ‘n e-pos adres het waar jy gereeld pos van ons af kan en wil ontvang, maar dit tans nie ontvang nie, stuur asb. vir ons ‘n **e-pos aan willa@lewensverryking.co.za** sodat ons jou op ons adreslys kan sit.
- As jy meen dat jy op ons adreslys is, maar jy het nog nie vanjaar e-pos van ons af ontvang het nie, doen asb. dieselfde as bg. sodat ons jou adres op ons lys kan sit.
- As jy wel op ons e-posadreslys is, maar jou situasie by die werk is sodanig dat jy nie ons e-pos kan ontvang nie, stuur net ‘n boodskap, dan haal ons jou af.

Lewensverryking boekebediening

Die boek **WAAG DIT OM LIEF TE HÊ,** wat gebaseer is op die trefferfliek **FIREPROOF,** is tans by ons boekwinkel beskikbaar. Dis ‘n 40-dae uitdaging aan egpare om die beginsels van onvoorwaardelike liefde te verstaan en uit te leef.

Maar!! Dis nie net vir egpare nie. Sors en Lida is tans besig om die boek deur te werk. Beide stem saam dat dit ‘n baie goeie boek is en Sors sê dis nie net vir persone in ‘n liefdesverhouding nie. Hy reken mense wat doodgewoon vriende is, mans en vroue, mans en mans, en vroue en vroue, sal ook baie daarby baat. Skakel Reneé by 0836346966 of 012 481 4406 of bel LEWENSVERRYKING se kantoor.

Lewensverryking Seminare in 2009

Vir ons ouens hier by Lewensverryking was dit al die jare nog ‘n besondere voorreg om na elke seminaar net weer te getuig van God se wonderwerke . Met die verwikke-linge by Lewensverryking, en spesifiek in die lig van die ekonomiese klimaat, was mens maar huiwerig oor wat 2009 vir ons inhou. Ons het egter besluit om ons oor niks te kwel nie, en net maar ons God te vertrou. Hoe het Hy ons nie in hierdie jaar tot nou verras nie.

Die inskrywings is steeds goed. Nie so vol soos verlede jaar die tyd nie, maar vol genoeg. Maar wat ons regtig verstom laat, is die Here se seën op die seminare. Dis regtig wow! Die spanlede getuig dat hulle dit einde verlede jaar al begin beleef het, maar van ons eerste egpaarseminaar vanjaar af, is dit net asof die sluise van die hemel oop is. Die mense getuig op ’n ongekende wyse van hoedat die Here hulle lewens aanraak en genees. Met die laaste Enkelseminaar het die getuienisse die laaste Saterdagaand aangehou tot half twaalf, en elke getuienis het net tot ‘n volgende een gelei. Jy het beleef dat die Heilige Gees die mense geweldig sterk onder die besef van hul sonde en die noodsaak vir omkeer bring. Deon daag die seminaargangers ook uit om Jesus Christus nie slegs as Verlosser nie, maar as Here van hulle lewens aan te neem en die Heilige Gees doen elke keer die oortuigwerk.

Ons loof die Here. Lewensverryking is Syne en ons sien wat Hy deur hierdie firma van Hom doen.

Ons mense vertel…

Ek was ‘n persoon wat nie vir God persoonlik geken of verstaan het nie, en ook nie wat my doel as Christen was nie. Lewensverryking het my hart oopgemaak vir die Here en ek verstaan nou baie kwelpunte wat niemand vir my nog ooit kon verduidelik nie. Ek kan met sekerheid in my hart sê ek het oor die brug geloop (tot bekering gekom) en staan nou aan God se kant met Jesus as my Verlosser.
Louis Bosch (Huweliksvoorbereidingseminaar)

Dankie vir julle bereidheid dat God julle kon gebruik in my lewe. Nadat ek vir 2 jaar regtig ‘n geestelike struggle gehad het, het die Here hierdie naweek my vreugde in Hom kom herstel, sowel as my opgewondenheid oor die lewe. Ek het meer as wat ek voor die 2 jaar gehad het. Ek het besef dat ek vir mense kwaad geword het en seergemaak is omdat ek my verwagting in hulle, in plaas van in God gestel het. Ag, daar is soveel meer, maar ek weet nou dat ek in algehele afhanklikheid van die Here moet leef en nie iets uit my eie probeer doen nie.
Joane Marais (Enkelseminaar)

Hoe sê ek dankie vir een van die wonderlikste naweke wat ek en my man nog gehad het?

Ek was op ‘n plek in my lewe waar ek so alleen gevoel het. Ek was nog altyd ‘n positiewe mens met baie hoop, maar die lewe en verkeerde keuses het die lag en hoop uit my lewe gehaal. En toe bel Lewensverryking en sê daar is ‘n borg vir ons om seminaar toe te gaan! Dit alleen het al so baie vir my beteken, en vir ons twee!

Ek het ‘n nuwe man gekry, en my man ‘n nuwe vrou. Ons is weer soos pas getroudes en dis ‘n nuwe begin vir ons twee se lewe saam. Ek lag weer en ek het weer hoop.
Annelize van der Merwe (Egpaarseminaar)

Ek is seminaar toe sonder 'n verwagting. Geloofsekerheid is deel van my lewe en ek stap reeds 'n lang pad met GOD. Gou het ek besef ek is daar om alles te hoor en te beleef van vergifnis, vryspraak, om vergewing te aanvaar en te vat. Dan die vreemdste, om saam met vergewing te seën. Seën? Die wat verwoes het, afgebreek het, wat 'n leeftyd vernietig het, my en my kinders in die steek gelaat en ontnugter het? Dis nie moontlik nie, het ek gedink.

My PA het geweet dit is moontlik en HY het geweet dis wat ek nog moet leer en deel van my lewe maak. Ek weet ek gaan nog 'n pad loop, maar nou is dit met toerusting wat ek van die HEILIGE GEES ontvang het en ek weet dat die HEILIGE GEES elke oomblik daar is om my te versterk. Ek het 'n lied in my hart, ek is opgewonde oor die pad vorentoe, want ek weet ek gaan sweef in die hoogste lugstrome, daar waar die ARENDE sweef.

Ek kon al reeds vandat ek terug is opreg en hardop voor DIE DRIE ENIGE seën hardop uitspreek. Ek beleef elke keer dat ek ligter en ligter word en wil borrel van vreugde.
Alet Strijdom (Enkelseminaar)

Die 03:00 Sindroom

Neil Verwey , Japansending

"As jy tussen 02:00 en 03:00 wakker word en nie meer aan die slaap kan raak nie omdat jy jou bekommernisse nie uit jou gedagtes kan kry nie, ly jy dalk aan die *03:00 sindroom*. Me Shiozaki (Japan) moedig in 'n tydskrif vir polisielede bekommerde persone aan om professionele hulp te verkry. As 'n lid van die Nasionale Polisie Agentskap werk sy as 'n openbare gesondheidsverpleegster wat aan die land se 290 000 polisiebeamptes hulp verleen.

"Mense hoor gereeld dat hulle geduldig, hardwerkend, vasberade en sterk moet wees", sê sy. "As gevolg hiervan is baie van hulle huiwerig om ander mense met hulle probleme te belas."

Me Shiozaki noem 'n aantal beginsimptome van geestesongesteldhede waaraan baie mense ly. Daaronder is die *Gaan huis toe sindroom* waar lyers hartkloppings en koue sweet ervaar wanneer hulle hul werkplek nader. Dit maak dit vir hulle onmoontlik om behoorlik aan die werk te kom. Nog so 'n sindroom, *Die Oggendblad sindroom* verwys na 'n aandoening wat mense soggens so depressief maak dat hulle nie die krag het om selfs 'n koerant te lees nie.

"**Jy moet nooit so erg afsluit dat jy nie bereid is om hulp te soek nie,"** is me Shiozaki se advies aan diegene wat met haar in aanraking kom.

Sover Shiozaki se artikel. As jy as gelowige God gehoorsaam, sal jou vrede wees soos 'n rivier wat nooit droog word nie en jou geregtigheid soos die golwe van die see wat sonder ophou op die strand aanrol!

Ag, as jy maar na my gebooie geluister het, dan sou jou vrede gewees het soos 'n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see.
(Jesaja 48:18, OAV).
Laat ons ag slaan op God se gebooie en vrede bekom!

Advertensie op Radio Rippel

Golflengte 90.5 FM

Lewensverryking seminare adverteer nou al 'n geruime tyd ons seminare in tydskrifte en koerante, maar die reaksie bly teleurstellend. Met die ekonomiese omstandighede vanjaar moes ons op 'n nuwe manier begin dink. Radio advertensie het in die verlede nog altyd goed gewerk, maar dis duur!!

Deon kry toe die blink gedagte om uit te vind wat is advertensiekoste by Radio Rippel (wat in Pretoria uitsaai), en sowaar, dis bekostigbaar en die terugvoer is regtig goed! Daar was nou ook al 'n uitsending van getuienisse van mense wat die seminare bygewoon het, en dit het ook 'n hele golf navrae tot gevolg gehad. Ons is baie opgewonde oor die medium. As julle Radio Rippel in julle omgewing kan opvang, luister gerus, en laat weet ons wat julle dink.

'n ***Groot, groot dankie*** vir elkeen van julle wat Lewensverryking se werk ondersteun deur ander van ons seminare te vertel en hulle aan te moedig om te kom. Wat op watter ander terrein ook al gebeur, dít bly ons beste reklame.

Gebedsversoeke asseblief:

- Bid dat die Here sy seën deurlopend op ons seminare sal gee, dat mense sal inskryf, dat hul lewens sal verander en dat die Here se Naam daardeur verheerlik sal word.
- Bid dat die Here ons finansies sal seën. Ons voel dat die ekonomie knyp. As ons mense swaarkry, kanselleer hulle hul bydraes aan Lewensverryking. Ons verstaan dit, maar ons het die geld nodig om hierdie kosbare werk te doen.